



In hierdie uitgawe:

- ♦ *Die Afrikanerbond - 100 jaar* p1
- ♦ *Woord deur die Voorsitter* p2
- ♦ *Ope brief aan Julius Malema* p4
- ♦ *Vryheidsdag kan nie ten koste van vryheid wees nie* p5
- ♦ *Ons bring hulde aan Die Stem - 100 jaar* p9
- ♦ *Om op eiers te loop* p11
- ♦ *Die Feeste van die Broeders* p13
- ♦ *Kom vier ons eeufesjaar* p15

Die Afrikanerbond 100 jaar

Deur Brumilda Nel (24)

Oorspronklik van Malelane, Mpumalanga

*'n Broederbond van toeka tot nou.
"Van Kaapland tot bo in die Noorde.
Die klank van ons voorlaaierskote
Het kloue en kranse gehoor."*

*Van tye waar swaarkry erg was in wreed-
heid en in bloed.
Tot tye van depressie. Daar was die
Broederbond.*

*Van skeiding tot verandering in ons rege-
ring.
Daar was die Broederbond.*

Een man. Een bond. Die Afrikanerbond

*Groep mans deur jare heen wat saam
staan as een stem.*

*"Ons sal antwoord op jou roepstem
Ons sal offer wat jy vra
Ons sal lewe ons sal sterwe
Ons vir jou Suid-Afrika."*

*So gaan ons deur die jare. So vier ons 100 jaar.
"In ons roem op ons verlede
In ons hoop op wat sal wees
Skenk ook ons die krag dan, o Here!
Om te handhaaf en te hou
Dat die erwe van ons vaders
vir ons kinders erwe bly."*

In die aanloop tot ons eeufesherdenking op 5 Junie 2018 en die Bondsraad op 7 en 8 Junie 2018 ontvang ons heelwat groetboodskappe, goeie wense en ook herinneringe. Ons sal in die volgende AB Nuusbrief in die eeufesmaand meer van die boodskappe plaas. ❖



Woord deur die voorsitter

Soos 'n krieketspeler op 99 senuagtig met sy kolf kap, maar vasberade elke bal intens dophou om sy eerste honderdtal te bereik, so het die Nasionale Raad van die Afrikanerbond die afgelope jaar, op 99, elke aspek van die Suid Afrikaanse samelewing opnuut beoordeel, die Afrikaner se rol en betrokkenheid ontleed en is die volgende bal om te speel vir ons eerste honderdtal reeds in vlug, en lees ons alreeds duidelik sy wip en draai. Oor 'n maand, op 5 Junie 2018 word die Afrikanerbond 100 jaar oud. Aan al die spelers – kom na die span praatjie, die Bondsraad, in die Paarl op 7 en 8 Junie 2018. Dit is waar verdere taktiek verfyn gaan word. Ons kan nou die wurggreep rondom die honderdtal weer afskud en vrylik speel. Ons is nou reg om die Kookaburra (voorste verskaffer van krieket en hokkie toerusting) te moker. - Kookaburra Krieket balle is die amptelike Internasionale goedgekeurde bal vir toetse. -

Die nate van die Suid-Afrikaanse grondwet is besig om gevaarlik mee te gee en plek-plek selfs uit te rafel.

Ons het oor hierdie eerste 100, drie penne wat geplant is, met alles in ons vermoë verdedig en beskerm maar dit is veral die middelpen wat ons na elke aflewering opnuut besoek het, die kolf na elke aflewering weer sorgvuldig voor hom gedruk het, en so het daar selfs 'n permanente diep holtetjie ontstaan, 'n duidelike merk, reg voor die middelpen vir die volgende 100. Tydens die dagbestuur se onlangse besoeke aan die streke het ons daardie pen weer dieper ingeslaan oor Christelike en demokratiese werkswyses.

In die twintigs en vroeë dertigs is ons gepeper met opslagballe, daar was selfs 'n verbroude vangkans of twee, ook 'n been voor paaltjie. In die veertigs was dit duidelik dat vreemde moondhede en opponente onder mekaar begin veg het en deeglik kennis geneem het van 'n nuwe ster wat gebore word. In die laat veertigs het ons die kolfblad begin tem en vanaf 61 tot laat tagtigs het ons pragtige grenshoue aangeteken. Boul veranderinge kon ons nie ontsenu en selfs kolfvennote wat vertrek het kon ons nie van stryk bring nie. Wydlopers is soms geïgnoreer en ander met minagting gemoker. Selfs met die verandering van formaat en beperkte boubeurte kon ons steeds aanpas by hierdie spel en soms selfs aggressief wanneer nodig 'n stewig bydrae lewer en onself laat geld.

Dit is egter eers laat in die negentigs wat spanning begin oplaai het en die integriteit van die spel in gedrang gekom het. Die gepeuter met die bal, vreemde beslissings deur die skeidsregter, die afwesigheid van die derde skeidsregter, en veral die smeertaal van die opponente het onaanvaarbaar geraak. So onaanvaarbaar was die spel dat ons wêreldwyd buite spel geplaas is.

Vir die rol wat die Afrikanerbond in sy vaderland vir die volgende 100 moet speel, sal ons na paar konsepte kyk wat die spel ingespeel het en die karakter verander het.

Dit is belangrik dat ons seker maak dat die bal wel 'n Kookaburra is. Dit kan nie 'n plaaslike skorsie of pam-poentjie wees met 'n rooi skilletjie om nie. Dit moet die soliede kurk kern bevat wat baie stampe en stote kan absorbeer. Dit bestaan uit verskillende lae kurk met minder en meer digtheid, dit het 'n netwerk tou en bind materiaal om as vlegwerk die eenheid te bewaar, 'n laag isolasie en daarna eers die huid wat alles bymekaar hou, dan 'n baie deugsame naat ... anders gaan die pitte spat met die eerste hou. Dit moet konsekwent en stabiel wees. Na 85 beurte word dit vervang met die ewe deugsame produk.

Die onlangse politieke omgewing wat ons ervaar het laat die vrae ontstaan: Wat beteken die regmatige eienaars van eiendom?

Die nate van die Suid-Afrikaanse grondwet is besig om gevaarlik mee te gee en plek-plek selfs uit te rafel. Die stewige nate van eiendomsreg en vryemark gee mee en die skokkende wat ons reeds deur die nate sien is dat van die lagies kurk nie gebruik is nie. Dit is nie meer 'n Kookaburra nie!

Ons sal moet kyk na terme wat die Suid-Afrikaanse spel binnegedring het en lustig sommer self gebruik word, maar uiteenlopende begrippe is. Duidelike antwoorde op indringende vrae moet gegee word. Die onlangse politieke omgewing wat ons ervaar het laat die vrae ontstaan: Wat beteken die regmatige eienaars van eiendom? Wat is ontneming en onteiening sonder vergoeding, hervorming en herverdeling? Hoe word openbare belang en publieke belang verstaan, wat dan nog wanneer politieke belang dwing om beide konsepte te kontamineer en ideologiese ondertone beide konsepte inkleur? Hoe bepaal die President van die land wie is "ons mense" as hy dan self sy eed om alle Suid-Afrikane te dien nie na behore nakom nie? Wat is "land"? Is dit landbougrond, is dit die land Suid Afrika, sluit dit stedelike gebiede in en sluit dit selfs alle eiendom in? Hoe bepaal jy en verwerk jy die uitkoms of onteiening sonder vergoeding (OSV) en of dit die ekonomie (Vervolg op p3)

Woord deur die voorsitter (verv)

skaad? Hoe verseker jy die buiteland van die veiligheid van beleggings as jy jou eie mense se beleggings soos in die grondwet vervat, nie kan waarborg nie? Wat is “*Colonials of a special kind*”? Wat is volwaardige burgerskap? Hoe word voorheen benadeeldes bepaal? Is daar ’n kunsmatige ingryping in die geskiedenis van die land, 80 jaar, 110 of 300 jaar, of sedert die vroegste beskawing? Wie is wit en wie is swart, is dit ’n potlood toets, velkleur, DNS en watter presentasie is die afsnypunt? Hoe groot is ’n ekonomiese eenheid, wie en hoe bepaal ’n mens wat is ’n redelike prys, hoeveel geslagte is nodig om genaturaliseerde volwaardige burger van die land te wees, wat is gelykheid voor die reg, wat is die verkeerde waarvolgens regstelling plaas moet vind, wat is steel en wie bepaal die diefstal met grond in gedagte en wie was dan die eerste eienaars? Wie is ’n moeder van die nasie en hoe word sy bepaal? Wat is rassisme en wat is haatspraak en wie bepaal watter een is die grootste sonde? Wat beteken die “*land belongs to the people who work it*”? Is “*work*” werk of gebruik of bewerk of ontwikkel of investeer? In watter volgorde hanteer die Regering en weeg hulle die belange van die Nasionale Demokratiese Revolusie, die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Vryheidsmanifes en die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika.

In watter volgorde hanteer die Regering en weeg hulle die belange van die Nasionale Demokratiese Revolusie, die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Vryheidsmanifes en die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika.

Uit die herkou aan hierdie *Smorgasbord* van ’n variasie konsepte, na ieder en elk se smaak, en wanneer ek uitkyk oor die rustige herfskleure van Populiere langs die bo-Oranje en sien hoe die natuur hom voorberei vir die winter, ervaar ek die ongemak en onrustigheid van hoe koud en hoe straf gaan hierdie winter wees? Wanneer gaan ons in Suid-Afrika die blare van rassisme en onverdraagsaamheid afgooi omdat ons hierdie onnodige las nie deur die ekonomiese winters kan dra nie. Flip Buys sê tereg “die boer is die plaas, die grond is nie die plaas nie.” Hoe sal enige regering ooit hierdie plaas kan vat.” Nooit! Die waarheid lê moontlik opgesluit in ’n aanhaling van Emily Hobhouse wat op Saterdag 21 April in die Beeld deur Johanna van Eeden gebruik is in ’n artikel met die opskrif “*Ramaphosa se patriotte en Jacob se parasiete*”. “In dié Suid-Afrika van ons lê ware patriotisme in die eenheid van hulle wat in die land woon en hom liefhet, eerder as hulle wat op hom teer . . . Die patriotte en die parasiete.”

Die aanbreek van die winter is egter vir die Afrikaner die woekertyd in die politieke en kulturele lewe en is dit hierdie jaar nie anders nie. Hierdie is die maand wanneer elke persoon, organisasie of instelling wat ’n geskrewe kommentaar wil lewer op Onteïening sonder vergoeding dit moet doen. Die Afrikanerbond as sekretariaat van die Ad hoc komitee vir die beskerming van Eiendomsreg doen reeds reuse werk om al sy lede daarvoor toe te rus. Ek doen ’n beroep op lede van die Afrikanerbond om ook hier hulle moue op te rol.

“In dié Suid-Afrika van ons lê ware patriotisme in die eenheid van hulle wat in die land woon en hom liefhet, eerder as hulle wat op hom teer . . . Die patriotte en die parasiete.”

Meimaand is die maand wat ons ’n Republiek geword het, 51 jaar nadat die Stem van Suid Afrika op 30 en 31 Mei 1918 geskep is, 5 dae voor die Afrikanerbond se stigting. Mag ons hierdie Mei en Juniemaand saam hierdie groot prestasies, waaronder twee besondere eeufeste is, met dankbaarheid, erkentlikheid en vreugde herdenk.

Solank as wat ons in Suid Afrika vasgevang bly in ras beheptheid en ons bly verlaat op rasgebaseerde wette vir regstelling of vergelding sal onbesliste en kunsmatige uitkomst ons voorland bly en “*kulturele Duckworth-Lewis formules*” meer vrae as antwoorde bring. Grondwetlike uitsprake sal bly suig aan die agter speentjie van ’n uitgediende ideologiese ou koei.

Met helderheid oor die spelreëls, die terme en die betekenis daarvan sal die Afrikanerbond in helder sonlig uitstap op die 6 de Junie 2018 vir die tweede 100 om verder te kolf vir die Afrikaner in belang van die hele Suid-Afrikaanse span.

Wees sterk.

Jaco Schoeman.

Voorsitter van die Nasionale Raad ❖

Ope brief aan Julius Malema

Deur Gerhard Papenfus

Die onderstaande ope brief aan Julius Malema is oorspronklik in Engels geskryf. Die Afrikanerbond het die ope brief na Afrikaans laat vertaal en met die instemming van mnr Gerhard Papenfus gebruik ons die Afrikaanse weergawe.

Geagte mnr Malema

Ten einde die toon aan te gee vir die gees waarin hierdie 'ope brief' geskryf is, moet jy weet dat ek al daardie kenmerke, wat jy minag, besit: ek is 'n grondeienaar, 'n sakeman, 'n voorstander van die vrye mark stelsel en boonop is ek wit. Verder, net in geval dit nie heeltemal duidelik is nie, is ek ook 'n Afrikaner. Ek meld hierdie feit, want ek is nie seker of jy 'n besondere kategorie haat vir wittes reserveer nie; nie dat dit saak maak nie, ek is bloot nuuskierig.

Ek is nie seker of jy 'n besondere kategorie haat vir wittes reserveer nie; nie dat dit saak maak nie, ek is bloot nuuskierig.

Jou aanhitsing tot moord deur middel van die 'struggle'-refrein 'kill the boer, kill the farmer' en ander dreigemente, is derhalwe ook teen my gemik.

Soos jy dalk mag opmerk is daar diegene wat van mening is dat jy nie die aandag verdien wat jy kry nie. 'n Joernalis het onlangs opgemerk dat jy geen 'goddelike medium' is nie, en dat jy nie langer soos een behandel moet word nie. Alhoewel ek ten volle met hierdie joernalis saamstem, stem ek nie saam met hom dat jy geïgnoreer moet word nie. Jy 'verdien' inderdaad prominente aandag – maar moet dit asseblief nie as 'n kompliment beskou nie. Ek grond my mening op die feit dat baie demagoë voor jou aanvanklik geïgnoreer is, maar dan tog politieke prominensie verkry het.

Jy maak daarop aanspraak dat jy 'n vername politieke rolspeler in Suid-Afrika is; tot dié mate dat jy nou 'in beheer' is en nie die ANC nie. Daar mag selfs 'n greintjie waarheid in steek, wat verklaar waarom die adjunk-president van die ANC smee dat jy na die party terugkeer. Sy faksie, ten minste, benodig jou. Die feit is dat jy aan 'n grootheidswaan ly en dienoreenkomstig optree.

Jy het, per slot van rekening, nuwe lewe geblaas in 'n politieke 'leerstelling' wat gedy op rassesseiding, haat, wraak en nasionalisering. Dié nuwe leerstelling kan met reg die 'Malema-leerstelling' genoem word.

Wat die rasgebaseerde aspek van jou 'leerstelling' betref, waar jy wittes uitsonder en demoniseer en vra dat 'boere' doodgemaak moet word – op so 'n wyse dat dit net kort is van 'n oproep om die slagting van wittes en volksmoord – moet jy weet dat jy reeds die 'grens' oorskry het. Jy het, en is steeds besig, om die saadjie te saai wat 'n klimaat vir volksmoord bevorder. Vele mense het reeds as gevolg hiervan gely. 'n Suid-Afrikaanse hof mag simpatie aan jou betoon; die Internasionale Strafhof waarskynlik nie.

Sou jou ekonomiese beleid op een of ander stadium geld, sal dit Suid-Afrika en sy mense, nie alleen verarm nie, maar ook vernietig.

Sou jou ekonomiese beleid op een of ander stadium geld, sal dit Suid-Afrika en sy mense, nie alleen verarm nie, maar ook vernietig. Dit voel ietwat belaglik om dit selfs te moet noem, want dit is so ooglopend. Buiten, natuurlik, vir jou volgelinge, die kwesbares wat in jou hul heil sien asook die bevoorregtes wat jou sien as hul geleentheid tot wraak en kits

rykdom. Elkeen van hulle sal uiteindelik teleurgestel word. Die vrug van jou arbeid sal 'n ramp wees. Jou volgelinge bou op dryfsand. Thuli Madonsela beskryf jou 'leerstelling' as 'n fabel.

Ek weet dat jy jou nie hieraan steur nie. Vir jou gaan dit alles net oor jouself. Wat jy nastreef, is nie die opheffing van mense nie, maar uitsluitlik brute politieke mag. Jy gebruik die kwansuisse bevordering van die belange van minderbevoorregtes bloot as 'n slenter om die kwesbares te mislei en jou eie ambisieuse wraaksugtige agenda te bevorder.

Voorts, jou diepe veragting van wittes is net 'n rookskerm – in werklikheid verag jy alle mense. Geen mens kan haat vir slegs enkele koester nie; jy kan nie die 'hart' in kompartemente verdeel nie; daar kan 'nie uit die selfde fontein soet én bitter water kom nie'; so ook 'kan 'n boom nie tegelyk goeie sowel as slegte vrugte dra

(Vervolg op p5)

Ope brief aan Julius Malema (verv)

nie'. Jy kan nie haat vir 'n spesifieke groep reserveer nie. Die mense wat jou tans vertrou sal hierdie bittere waarheid ontdek indien jou politieke aspirasies realiseer en Suid-Afrika se ergste scenario bewaarheid word.

Jou rol daarin om Zuma aan bewind te bring sal nooit vergeet word nie. Dit was inderdaad 'n katastrofiese oordeelsfout.

Ten spyte van die feit dat jy polities uiters geslepe is, ontbreek goeie oordeel by jou. Ek het nog nooit gehoor dat jy Robert Mugabe se beleide veroordeel nie – klaarblyklik omdat jy vir jouself 'n toekoms in 'n soortgelykte mislukte omgewing sien.

Die Mugabe-scenario is egter nie die enigste voorbeeld van hoe jou oordeel jou in die steek gelaat het nie. Jou rol daarin om Zuma aan bewind te bring sal nooit vergeet word nie. Dit was inderdaad 'n katastrofiese oordeelsfout – selfs gemeet teen jou eie standaarde. Nietemin, indien jou

huidige beleidsrigting wat weerwraak en nasionalisering voorstaan op enige wyse seëvier, sal die tragedie van die Zuma-fiasko as gering afgemaak kan word.

Dan is daar jou heldeverering van die afgestorwe Hugo Chavez van Venezuela. Hy het presies aan Venezuela gedoen wat jy aan Suid-Afrika wil doen. Hy is jou afgod; jy moes jou rooi baret-idee van hom gekry het. Net soos jou voorgehoue agenda, het hy die ryk hulpbronne van Venezuela aan 'die mense' oorgedra maar, soos dit altyd die geval is waar hulpbronne genasionaliseer word, het geen van hierdie hulpbronne die massas bereik nie. Venezuela, met sy mildelike natuurlike hulpbronne (olie, goud, koper, nikkel, ens.), ondervind nou grootskaalse tekorte. Die land is op die randjie van finansiële ineenstorting as gevolg van 'n verkeerde ekonomiese beleid (sosialisme).

Dit is egter presies wat jy wil bereik, mnr Malema – daar steek tóg logika in jou aweregse manier van doen. Demagoë floreer mos in anargie en armoede waar mense brandarm, magteloos, honger en afhanklik is van die staat – tot so 'n mate verswak dat hulle nie hul bewindhebbers aanspreeklik kan hou nie. Dit is waarom 'n demagoog altyd begin met die nasionalisering van eiendom – die voor-die-hand-liggende eerste stap van ont-magtiging. Dit verg nie veel om dwarsdeur jou en jou politieke agenda te sien nie.

Die wiel draai egter; dit is hoe die lewensiklus werk. Koninkryke en alle vorme van heerskappy kom tot 'n einde – sonder uitsondering. Sommiges duur net langer as ander. Alhoewel jy dit duidelik ontken, het die geskiedenis lank voor kolonialisme en apartheid begin. Oorloë, maatskaplike onreg, slawerny en uitbuiting bestaan reeds vir so lank as wat die wêreld bestaan.

Jy kan ook nie daarop aanspraak maak dat jy die uitvinder van boosheid is nie. Jy bevorder slegs 'n unieke handelsmerk daarvan – 'n 'geleentheid' wat gebore is uit die kwesbare situasie waarin Suid-Afrika hom huidige bevind. Demagoë is altyd opportuniste; kortsigtige, stiksienige opportuniste.

Jy het sekerlik kennis geneem van die veranderende lot van jou helde, die Mugabe's. Onlangs is een van hulle plase deur 'onwettige goudmyners' binnegeval. Oënskynlik doen die polisie nie veel aan dié situasie nie. Die Mugabe's, wat gewelddadige grondbeslagnemings aangehits en toegelaat het, word nou aan dieselfde lot onderwerp. As jou huidige beleid seëvier, sal dieselfde lot jou te beurt val.

Dit is deel van die ironie van die lewe dat demagoë soms suksesvol is in hul strewe na mag en gierigheid voordat hulle, sonder uitsondering, verwerp en van alle mag onthef word. Hulle laaste dae is altyd, ook sonder uitsondering, afskuwewend. Die 'gelukkiges' onder hulle bring hul laaste dae in isolasie, ballingskap of in die gevangenis deur. Die 'ongelukkiges' word tereggestel. In die ergste scenario vir Suid-Afrika, moet jy aanvaar dat die mag waarna jy strewe, jou 'n soortgelyke lot sal toedeel.

Dit is deel van die ironie van die lewe dat demagoë soms suksesvol is in hul strewe na mag en gierigheid voordat hulle, sonder uitsondering, verwerp en van alle mag onthef word.

Of glo jy dalk vir een oomblik dat, wanneer die wiel draai, die manier waarop jy jou volgelinge leer om ander en die reg te minag, nie eendag jou lot sal word nie? Die grond wat jy nou 'vat' sal later van jou 'weggeneem' word. In jou 'struggle'-refrein vra jy dat die 'boere' doodgemaak word; dit is egter nie die 'boere' wat van jou sal 'vat' nie. Wie jy moet vrees, is jou eie voetsoldate wat uiteindelik deur jou oëverblindery sal sien en teen jou sal opruk wanneer hulle die koste van hulle blindelings navolging ontdek het - 'n veel hoër koste as die man met die 'voete van klei' wat hulle gevolg het. Onthou: 'Die man wat na die swaard gryp sal deur die swaard omkom'.

(Vervolg op p6)

Ope brief aan Julius Malema (verv)

Ondanks jou swak oordeel en alles wat daarmee gepaard gaan, het jy steeds jou string volgelinge. Maar dit maak allermins van jou 'n leier. Die demagoë van die wêreld – Hitler, Mussolini, Mao Tse Tsung, Stalin, Pol Pot, Idi Amin, Nicolae Ceausesco en Robert Mugabe (om maar 'n paar te noem) – het almal volgelinge gehad. Maar helaas, soos jy, was hulle nie leiers nie. Leiers hef mense op, bemagtig hulle en bring die beste in hulle na vore. Jy doen presies die teenoorgestelde. Ja, jy het volgelinge, maar jy is nie 'n leier nie.

Suid-Afrika bevind homself tans in 'n verwoede stryd vir die hart en siel van die land. Daar is diegene wat Suid-Afrika 'n beter plek wil maak, nie slegs om hul eie onthalwe nie, maar ook vir ander – ongeag ras of sosiale klas. Hierdie is die mense wat hul kuratorskap van die land erken en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar tot voordeel van toekomstige generasies. Aan die teenoorgestelde kant, is daar diegene wat slegs in eie belang optree. Ras, ekonomiese - en maatskaplike status bepaal nie die aard van die bydrae in hierdie stryd nie.

Daar is diegene wat Suid-Afrika 'n beter plek wil maak, nie slegs om hul eie onthalwe nie, maar ook vir ander – ongeag ras of sosiale klas.

Hierdie stryd sal verbete en uitgerek wees. Beide dié wat die positiewe bydra maak, sowel as dié wat afbreek, is nie altyd bewus van die bydrae wat hulle tot hierdie stryd maak nie. Elke woord en elke daad tel – óf dit breek af, óf dit bou op. Jy, mnr Malema, het jouself duidelik geskaar aan die kant van die vernielsugtiges en dié wat afbreek. Dié met kwade bedoelings en dié wat mislei word, volg jou. Aan die ander kant, as 'n sterk opposisie, is diegene wat hulle aan die kant van dit wat opbouend is, skaar.

Ek sien daagliks diegene wat die goeie najaag en ek bewonder hul gedrag en optrede om van Suid-Afrika 'n beter plek te maak. Daagliks ervaar ek welwillendheid onder mense van alle rasse; ek sien hoe hulle na hul werk loop of ry; ek sien hoe hulle werk om hul gesinne te onderhou – dikwels met skrapse middele; ek sien hoe hulle saam skoolgaan, sport teen mekaar en saam met mekaar beoefen; ek sien hoe hulle sportspanne ondersteun en sportsterre van teenoorgestelde rasse toejuig. Ek sien plaasboere wat, nieteenstaande jou tirades, voortgaan om hul plase te ontwikkel, te ploeg, te saai en te oes - want daarsonder sal Suid-Afrika tot niet gaan. Hulle vorm deel van die konstruktiewe magte aan die teenoorgestelde kant van waar jy jouself bevind. Vanuit jou perspektief gesien, 'n formidabele opposisie. Dit verklaar jou buitensporige retoriek en optrede.

Dit is al hierdie goeie dinge wat jy, mnr Malema, wil vernietig om sodoende jou eie saak te bevorder. In 'n voorspoedige Suid-Afrika sal jou beleide en jou valse propaganda geen aftrek kry nie. Tot die mate wat Suid-Afrika agteruitgaan, tot dié mate sal jou boodskap se effektiwiteit toeneem, en jy is deeglik bewus daarvan. Bygesê, dit is net solank jou ware bedoelinge nog nie aan die kaak gestel is nie.

Die bestel wat jy voorstaan herinner Suid-Afrikaners daaraan hoe Suid-Afrika sal lyk as ons nie daarin sou slaag om 'n manier te vind om die uitdagings wat ons in die gesig staar, die hoof te bied nie.

Hoe dit ookal sy, jou ware bedoelinge sál uiteindelik aan die kaak gestel word. Die magte teen jou is onteenseglik by verre die meerderheid – 'n formidabele mag. Jy sien dit egter nie. Wanneer jy en jou ondersteuners bymekaarkom, wanneer hulle na jou opruiende tirades luister, wanneer jy dreig met slagting en rassemoord ('maar darem nog nie'), is die voorstanders van 'n stabiele Suid-Afrika nie teenwoordig nie. Hulle sien geen toekoms in jou nie, ondanks die feit dat baie van hulle in uiterste armoede lewe. Selfs met die wete dat hulle vooruitsigte skraps en uiters onseker is, weet hulle dat die bestel wat jy voorstaan hulle nog slegter af sal laat – inderdaad baie slegter af.

Die bestel wat jy voorstaan herinner Suid-Afrikaners daaraan hoe Suid-Afrika sal lyk as ons nie daarin sou slaag om 'n manier te vind om die uitdagings wat ons in die gesig staar, die hoof te bied nie. Op dié ironiese wyse speel jy tog 'n konstruktiewe rol. Jy dra daartoe by dat redelike Suid-Afrikaners wakker skrik en gekonfronteer word met óf 'n 'Malema-toekoms', óf 'n toekoms met die potensiaal van 'n beter lewe – iets waarvoor ons almal baie hard sal moet werk.

Daar is so baie wat nog gedoen moet word om Suid-Afrika vir almal 'n beter plek te maak. Ons moet met mekaar praat; ons moet mekaar leer ken en verstaan. Houdings ten opsigte van vele dinge sal moet verander – en dit geld vir elkeen van ons.

(Vervolg op p7)

Ope brief aan Julius Malema (verv)

Ons moet daarna streef 'om aan ander te doen wat ons wil hê dat hulle aan ons moet doen'. Aangesien die verlede in die verlede is, kan dit nie verander word nie. Ons kan egter daaruit leer om nie dieselfde foute te maak nie. Alhoewel ons dit wat sleg is moet herken en daarop probeer verbeter, en selfs radikaal verander, kan ons nie bekostig om dit wat goed is, waarop ons die toekoms moet bou, te vernietig nie.

Hulle wat 'n vuur aansteek ... sal wandel in die vlam van hulle vuur en onder die vuurpyle wat hulle aange-steek het!'. Dit is volgens die profeet Jesaja [50:11], en hierdie waarheid bly staan. Hierteenoor is die skrilte kontras: 'Die regverdige sal die land besit en altyd daarin woon' [Psalm 37:29]. Mnr Malema, deur dit wat jy verkondig en waarvoor jy staan, het jy die eerste opsie gekies. Dit hoef egter nie jou finale keuse te wees nie.

Ek het die beter opsie gekies.

Hierdie ope brief is deur Gerhard Papenfus, Uitvoerende Hoof van die National Employers' Association of South Africa (NEASA), in sy persoonlike hoedanigheid geskryf.

Die oorspronklike ope brief, in Engels, was gepubliseer op 17 April 2018
<https://mailchi.mp/neasa.co.za/julius-malema> ❖

Vryheidsdag kan nie ten koste van vryheid wees nie

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Die tema vir vanjaar se Bondsraad op 7 en 8 Junie 2018 te Paarl, is heel gepas 'Vryheid binne 'n regverdige bestel'. Op die vooraand van Vryheidsdag is dit nodig dat mens net weer stilstaan en besin oor die tema en die nodigheid om die stelling te maak, want dit impliseer dat ons tans nie heeltemal vry is nie en dat die bestel of die omgewing waarbinne ons funksioneer, nie regverdig is nie.

Asof toevallig skryf Flip Buys, voorsitter van die Solidariteitsbeweging op Netwerk24 op 10 April 2018: "Die ANC se sosialisme is in wese deel van die linkse stryd om gelyke uitkomstige ten koste van vryheid van individue, die private sektor, staats- en onafhanklike instellings, die media, kultuurgemeenskappe en die burgerlike samelewing." Hy rig dan die waarskuwing "Dis tyd dat almal besef dat almal se vryheid in die gedrang is." Die artikel word afgesluit met die volgende paragraaf: "Daar is net een oplossing, en dit is dat alle voorstanders van vryheid moet saamstaan om mekaar se vryheid te verdedig. Die geskiedenis het immers bewys dat daar slegs twee keuses is, en dit is tussen vrye samelewings waar niemand gelyk is nie, en gelyke samelewings waar niemand vry is nie."

In aansluiting hierby kom ons dan met die Bondsraad tema: 'Vryheid binne 'n regverdige bestel'. Dit word gedoen binne 'n bestel wat bepaald nie ewehandig en regverdig optree teenoor almal nie, en waar vryhede, al hoe meer ingeperk of weggeneem word.

Vryheid vereis 'n aanvaarding van ons demokrasie en die beginsels waarop demokrasie gebou word. Hieronder word verstaan dat daar 'n skeiding van magte is, 'n uitlewing van 'n menseregte kultuur, dat gereelde vrye en regverdige verkiesings gehou word binne 'n veelpartystelsel, dat ons binne 'n regstaat funksioneer, dat daar ekonomiese vryheid is, dat daar 'n deursigtige en aanspreeklike regering moet wees, dat daar openbare deelname moet wees wat insluit die betaling van belasting, maar ook dat daar protes kan wees en dat daar vryheid van spraak moet wees, wat 'n universele mensereg is. Ter wille van "gelykheid" en 'n strewe na oorheersing wil die ANC regering hierdie beginsels nie op alle Suid-Afrikaners van toepassing hê nie en gevolglik word vryheid ontnem.

Regverdigheid moet kan behels dat ons minderheidsregte kan opeis en dit moet bevorder word. Dit beteken nie dat ons eenvoudig 'n streep moet trek deur taal en kultuur en Afrikaanse onderrig nie. Dit beteken nie 'n selektiewe toepassing van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Regte nie en dit beteken be-

(Vervolg op p8)

Vryheidsdag kan nie ten koste van vryheid wees nie (verv)

paald nie 'n opsegging van demokratiese regte nie. Met ander woorde, wat op papier 'n gelyke samelewing behoort te wees, word in die praktyk en deur die ANC regering se toepassing van beleid 'n selfopgelede ongelyke samelewing waarin vryhede onderdruk en weggeneem word. Iets soos George Orwell se Animal Farm, waarin party meer gelyk is as andere, of 'n samelewing waarin party meer vryheid het as ander. Hiermee begin ons al hoe meer die indruk kry dat die Onderwys LUR in Gauteng, mnr Panyaza Lesufi, moedertaal en veral Afrikaans en die gebruikers van die taal wil reduceer tot tweedeklas burgers in hulle eie geboorteland.

Vryheid kan nie onderdanigheid aan een party of een groep impliseer nie. Vryheid moet nie ingeperk word as Afrikaners bepaalde grondwetlike regte opeis nie. Vryheid moet kan insluit die reg tot Afrikaans as onderrigtaal by skole en universiteite, dit sluit in die gebruik en bevordering van Afrikaans as een van die amptelike tale. Die reg tot die uitoefening van kultuur is 'n grondwetlike reg en vryheid en is nie iets wat net laat vaar kan word om ander ter wille te wees nie. Dit sluit ook in die reg tot gelyke behandeling in die ekonomie en nie uitsluiting deur regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging nie. Dit alles gesê beteken dat vryhede nie ingeperk kan word in die vernietigende strewe om gelykheid te bewerkstellig nie. Gelykheid kan nie gelyke uitkomst beteken nie. Of anders gestel almal kan nie gelyk by die wenstreep aankom nie. Dit verwerp meriete en prestasie. Almal kan egter gelyk wegspring en dus moet alles moontlik gedoen word om hindernisse uit te skakel en 'n omgewing te vestig waarin potensiaal ten volle ontwikkel en uitgeleef kan word.

As vryheid in die ekonomie en vryheid van taal en kultuur nagestreef word in 'n suksesvolle en veilige Suid-Afrika, moet dit nie bevraagteken of as rassisme afgemaak word nie.

Ongelukkig is dit nie die doelwit van die gelyke samelewing wat in die Suid-Afrika van 2018 voorsien word nie. In dié "gelyke samelewing" is daar 'n duidelike onderskeid tussen wit en swart, en is daar bepaalde regte vir swartmense maar mag witmense ongelukkig nie op dieselfde regte aanspraak nie. Dit kom neer op 'n nuwe vorm van rassisme, wat nie ontken kan word nie.

As vryheid in die ekonomie en vryheid van taal en kultuur nagestreef word in 'n suksesvolle en veilige Suid-Afrika, moet dit nie bevraagteken of as rassisme afgemaak word nie. Vryheid beteken eweneens dat iemand wat sy of haar kundigheid wil aanwend tot voordeel van Suid-Afrika die geleentheid moet kan kry om dit te doen en nie as gevolg van regstellende aksie ontnem word daarvan nie. Vryheid beteken iemand wat in sy of haar taal wil kan skryf en praat en onderrig vanaf primêre tot tersiêre vlak ontvang, nie van die taalregte ontnem word nie.

Waar Vryheidsdag binnekort gevier word moet ons in gedagte hou dat politieke retoriek die botoon gaan voer, soms ten koste van die waarheid, dat beskuldigings makliker is as om versoenend op te tree en dat goedkoop beloftes soos die afneem van grond, ander se vryheid, soos om grond te besit, in gedrang bring.

Vryheidsdag word gevier, maar is dit egter met 'n mate van beklemming en ongerus oor vryheid.

'n Ander perspektief gaan nie net oor die vryheid van 'n groep nie, maar ook persoonlike of individuele vryheid. Persoonlike vryheid soos wat ons dit tans sien en beleef in Suid-Afrika skeep 'n kultuur waarin dissipline uitgedaag word, staatsafhanklikheid aan die toeneem is, regte opgeëis word en verantwoordelikhede genegeer word. Persoonlike vryheid kan slegs suksesvol uitgeleef word as kernwaardes soos respek, eerlikheid, lojaliteit, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, geregtigheid, deursigtigheid, demokrasie, en mense-regte ingeskerp is. Daarmee saam moet selfrespek, harde werk en dissipline gevestig word.

heid, lojaliteit, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, geregtigheid, deursigtigheid, demokrasie, en mense-regte ingeskerp is. Daarmee saam moet selfrespek, harde werk en dissipline gevestig word.

Na 24 jaar van demokratiese regering het dit duidelik geword dat die SA grondwet soms ondergeskik staan aan die ANC se beleid en uitvoering volgens die Nasionale Demokratiese Revolusie. Dit is die grootste enkele gevaar vir die vryheid van alle Suid-Afrikaners. Vryheidsdag word gevier, maar is dit egter met 'n mate van beklemming en ongerus oor vryheid. Vryheid binne 'n regverdige bestel. Dit is moontlik as politici vir eers hulle eie kleinlike belang agterlaat en die breë Suid-Afrikaanse samelewing en in die besonder minderhede in Suid-Afrika, weer met mekaar gesprek voer oor ons verstaan van ons grondwet, die waardes daarin vervat en die praktiese realiteit vandag in Suid-Afrika. Eers as die ideale van die SA grondwet algemeen aanvaar en uitgeleef word, kan Vryheidsdag ware betekenis kry en kan ons praat van 'Vryheid binne 'n regverdige bestel'. Met die nodige dringendheid kan Vryheidsdag weer nuwe betekenis en inhoud vir almal hê. Dit verg egter die nodige politieke wil. ❖

Ons bring hulde aan Die Stem (100-jaar)

Net soos die Afrikanerbond, vier Die Stem deur CJ Langenhoven vanjaar sy 100-jarige bestaan. In die gedenkuitgawe oor Die Stem in die Ditsem Nuusbrief skryf die redakteur Johann Dannhauser oor Die Stem: “As sulks bly dit steeds ‘n literêre en musikale produk van sowel diepe as hoë kwaliteit, sprekende van die psige van ‘n volk en ‘n kosbare kultuurerfenis. Daarom word dit regmatig gekoester, sonder om afbreuk te doen aan respek vir die huidige amptelike volkslied.”

**Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee,
Deur ons ver-verlate vlaktes met die kreun van ossewa –
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem,
ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe - ons vir jou, Suid-Afrika**

In sy geskiedenis het die Afrikaner-Broederbond ‘n noue verbintenis met die status van Die Stem as volkslied van Suid-Afrika. In sy voorsittersrede by die Bondsraad van 2-3 Oktober 1942 som dr Nico Diederichs die tydsgewrig mooi op. “So is ons land en ons volk ‘n land van tweehed, dubbelheid, gespletenheid. Twee ekonomiese ordeninge en twee lewensvorme (stad en land). Twee staatkundige belydenisse en vaderlandslojaliteite. Twee burgerskappe, twee kultuurbeskouinge, twee tale, twee vlae, twee volksliedere, twee hoofstede. Byna op elke gebied is daar dubbelheid in ons wese. So sterk is dit dat as leuse by ons feitlik ontwikkel het die slagwoord van 50-50. Nie 100-100 nie. Nie alles wat joune is vir jou en alles wat myne is vir my nie, maar 50-50 - helfte van my siel vir jou en helfte van jou siel vir my.”

Uit prof Ernst Stals se Boek – Die Geskiedenis van die Afrikaner Broederbond in Hoofstuk 3 “In die maalstroom van die politiek, 1933-1943” skryf hy. “Die AB se betrokkenheid by ‘n aangeleentheid soos Afrikanergerigte feesdae was beperk tot propaganda dat Victoria-dag met Van Riebeeck-dag vervang moes word, dat ontoepaslike aanbiedings soos die Grand Prix en perdedewenne op Dingaansdag ontmoedig moes word en dat 10 Oktober as Krugerdag tot openbare vakansiedag verklaar moes word, hoewel die UR self gevoel het dat Helledag as alternatiewe benaming ook in orde sou wees. Verder is Die Stem as amptelike volkslied gepropageer en die speel van die Britse volkslied (trouens, enige volkslied) by bioskoopvertonings en openbare geleenthede ontmoedig. Die UR wou egter nie ‘n veldtog daarvan maak nie, uit vrees dat dit teenkanting teen Die Stem sou veroorsaak”.

Dat daar gewoener is in die tydperk blyk uit die Bondsraad voorsittersrede van Prof HB Thom Oktober 1955 “Vir die volbrenging van die taak om die Afrikaanse taal tot volledige kultuurtaal te laat uitgroeï het die AB ‘n openbare liggaam, ‘n openbare arm gestig deur middel waarvan groter getalle taal- en kultuurbewuste Afrikaners se kragte ingespan kon word om die Afrikaanse taal en kultuurtaak deur te voer. So het die FAK in 1929 as deel van die AB se organisasievorm ontstaan. En hiermee tree die AB ‘n onderskeibare tweede groeifase binne..” Prof Thom lys dan die take wat opgelê is en wat dringende aandag verdien waaronder:

- om die Afrikaanse volksfeeste op uitgebreide skaal in die gees van die eie tradisies te vier,
- om die Afrikaanse volkslied in ere te herstel,
- om waardering vir die Afrikaanse letterkunde en beeldende kunste op te wek.

Vanuit die FAK publikasie “Die Nasionale Vlag en Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika” die volgende oor die geskiedenis van Die Stem sowel as die wyse en die voorskrifte waarop Die Stem gebruik moet word.

Die jaar 1957 het nie net aan Suid-Afrika sy eie en enigste erkende Nasionale Vlag gebring nie, maar ook sy eie amptelik erkende Volkslied - Die Stem van Suid-Afrika. Op 30 en 31 Mei 1918 het die gevierde volksdigter en -skrywer, C.J. Langenhoven, Die Stem van Suid-Afrika geskep, eers net die eerste drie strofes; die vierde gebedstrobe is later bygevoeg. Terselfdertyd het hy ‘n melodie daarvoor gekomponeer.

Die woorde het onmiddellik aanprysing uitgelok, maar die melodie het nie geslaag nie. Langenhoven het self ‘n wedstryd aangekondig om ‘n geskikte melodie te kry, en tientalle komponiste het daarvoor ingeskryf. Nie een van die melodieë het egter by die volk inslag gevind nie. ‘Na ‘n eerste poging in 1919 het ds. M.L. de Villiers in 1921 in Simonstad die toonsetting voltooi, wat met geringe wysiginge vandag nog so gesing word.

Dit was veral na die openbare uitvoering van die werk in die Groote Kerk in Kaapstad in 1924, die gebruik van die melodie by die afsluiting van die daaglikse radioprogramme, en die Regering se keuse van die melo-

(Vervolg op p10)

Ons bring hulde aan Die Stem - 100-jaar (verv)

die om by die eerste hysing van die Unievlag op 31 Mei 1928 gesing te word, dat die volk Langenhoven se Die Stem met ds. De Villiers se toonsetting daarvan aanvaar en dit 'n nasionale simbool begin word het.

Kort na sy stigting in 1929, het die FAK hom as koördinerende en verteenwoordigende kultuurliggaam van die Afrikaner begin beywer vir 'n eie amptelik erkende volkslied vir Suid-Afrika. In 1931 het die FAK 'n wedstryd uitgeskryf en die inisiatief geneem met twee Volksliedvergaderings. Nog 'n wedstryd is gehou en die keurkomitee het in 1937 Langenhoven se Die Stem met ds. De Villiers se toonsetting eenparig aanvaar. Dit het in die volksmond gegroei as die aangewese vertolking van die volksgevoel. In die proses het die FAK ook die samewerking van Engelssprekendes gekry, maar in daardie stadium was die tyd nog nie ryp om die aandrang op erkenning op amptelike vlak te voer nie.

Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1938 het die kwessie van 'n eie Suid-Afrikaanse volkslied weer sterk op die voorgrond gebring. Dr. D.F. Malan het in die Volksraad voorgestel "dat geen oplossing van die volksliedvraagstuk bevredigend sal wees nie, anders as op die grondslag van een enkele, eg Suid-Afrikaanse en offisieel erkende volkslied". Die voorstel is verwerp, en die Volksraad het besluit "die Unie besit tans geen amptelike volkslied nie, en totdat die volk tot 'n ooreenkoms daaromtrent gekom het, moet 'God save the King' en 'Die Stem' albei tesame gespeel word".

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het die volksliedvraagstuk op die agtergrond gebly, maar het dit weer nuwe lewe gekry toe die Nasionale Regering van dr. Malan die huidige Engelse vertaling aanvaar en op 5 April 1952 as deel van die Van Riebeeckvieringe in Kaapstad vir die eerste keer laat sing het.

Op 2 Mei 1957 het premier J.G. Strijdom in die Volksraad gesê Die Stem van Suid-Afrika is by sowel Afrikaans- as Engelssprekendes so diep ingewortel dat onder die minste teenspraak gesê kan word dat die lied deur die volk van Suid-Afrika aanvaar is as hul volkslied. Die verklaring is opgevolg met 'n voorstel in die Parlement wat eenparig aanvaar is. Die Stem van Suid-Afrika het die land se enigste amptelike volkslied geword.

Die sing of speel van Die Stem

Dit staan enigiemand vry om Die Stem in die openbaar uit te voer, mits dit op die toonsetting, gekomponeer deur ds. M.L. de Villiers, uitgevoer en met waardigheid by paslike geleenthede gedoen word.

Daar word ten strengste gewaak teen die kommersialisering van of gesmous met die Volkslied. Die Stem kan gesing of gespeel word:

- wanneer die Staatspresident teenwoordig is;*
- by alle volksfeeste;*
- by kultuurbyeenkomste soos kongresse, jaarvergaderings, geleentheidkonserte, ensovoorts;*
- by skoolbedrywighede - byvoorbeeld aan die begin en einde van kwartale of termynne by skole, asook by kolleges en universiteite;*
- by vlaghysings (waar die Vlaglied ook gesing of gespeel kan word);*
- by paslike militêre geleenthede, in welke geval die Weermag reeds vaste gebruike met die speel van die Volkslied het;*
- by meer geleenthede oor die radio en televisie, byvoorbeeld op patriotiese of nasionale dae.*
- Die vierde strofe kan as gebed by gewyde byeenkomste gesing word.*

Eerbetoon

As die nasie se antwoord op Suid-Afrika se eis om vaderlandsliefde en -trou moet Die Stem te alle tye met die nodige eerbetoon gesing word, en moet met die nodige eerbetoon as toehoorder opgetree word terwyl Die Stem gesing of gespeel word. Daar word verwag dat almal teenwoordig dan regop, verkieslik op aandag, sal staan, en dat niemand sal rondbeweeg nie. Burgerlike hoede moet afgehaal word. Die Stem moet liefsvol gesing of gespeel word by geleenthede waar daar nie verseker kan word dat die nodige eer aan die Volkslied betoon sal word nie.

"Die Nasionale Vlag en Volkslied van die Republiek van Suid-Afrika" FAK (1979)

(Vervolg op p11)

Ons bring hulde aan Die Stem - 100-jaar (verv)

In sy eie eeufesjaar bring die Afrikanerbond graag hulde aan Die Stem wat op 30-31 Mei 1918 deur die volksdigter en-skrywer, CJ Langenhoven geskep is. Die Stem het in 1957 die amptelike volkslied van Suid-Afrika geword en kan die bydrae en ondersteuning van die Afrikanerbond, hiertoe nie geringgeskat word nie. Die Stem het die Volkslied gebly tot in 1994 waarna gedeeltes van Die Stem in Afrikaans en Engels in die huidige volkslied opgeneem is. Mnr Nelson Mandela skryf in die voorwoord tot die publikasie Nasionale Simbole van Suid-Afrika "Die Nasionale Volksliedere Nkosi Sikelel 'iAfrika en Die Stem van Suid-Afrika, die Nasionale Wapen en die Nasionale Vlag is die manifestasie van 'n begeerte om nasionale konsensus te bereik."

As kultuurskat van Afrikaners het Die Stem van Suid-Afrika inhoudelik geen aanhitsende konteks nie en is dit 'n lied wat 'n diepe verbintenis, lojaliteit en patriotisme tot Suid-Afrika bevestig .

As kultuurskat van Afrikaners het Die Stem van Suid-Afrika inhoudelik geen aanhitsende konteks nie en is dit 'n lied wat 'n diepe verbintenis, lojaliteit en patriotisme tot Suid-Afrika bevestig en dan in nederigheid en afhanklikheid van God afsluit met die oproep tot God om met Suid-Afrika en sy mense te gaan. In hierdie verband, behalwe vir die politieke onstuimigheid gedurende apartheid waarvan Die Stem ongelukkig deel geword het, is daar geen ander betekenis of interpretasie wat aan Die Stem geheg kan word nie.

In die huidige tydsgewrig moet daar met groot omsigtigheid gehandel word in die aanwending en gebruik van die pragtige lied. As kultuurskat moet Afrikaners verseker dat dit nie 'n onnodige politieke konnotasie kry nie, maar aan die ander kant is dit deel van Afrikaners se geskiedenis en moet dit as sulks gerespekteer word. Dit kan nie en mag nie 'n plaasvervanger word vir die amptelike volkslied nie. Daardie status het Die Stem van Suid-Afrika nie meer nie. Die Afrikanerbond en Die Stem is beide 'n 100-jaar oud. Beide is vir die huidige oomblik nie gewild nie, maar beide het 'n enorme impak op die land gehad. Dit mag nooit ontken word nie.

Mag Die Stem vir lank behoue bly as 'n kultuurerfenis en mag ons put uit die inspirasie wat elke strofe vir ons bied. Ons sal met die sing van Die Stem tydens die Bondsraad gepas hulde bring aan die kultuurskat, net soos wat ons met die sing van die volkslied ons eerbied en respek teenoor die land sal betuig.

Ons sal lewe, ons sal sterwe - ons vir jou, Suid-Afrika ❖

Om op eiers te loop ...

Deur Gavin Ludick

Ek het onlangs, in gesprek met groep jongmense, verwys na die vergelyking tussen ons mense en drie tipes voëls. Die vergelyking is my persoonlike oogpunt en natuurlik is dit grootliks beperk, maar ek fokus graag op drie groepeerings mense oftewel vergelykende tipe "voëls" naamlik die swaeltjie, die volstruis en die kiewiet.

Die Afrikaner is onseker oor hul plek en rol in en buite Suid-Afrika. Daar is verskeie redes en oorsake vir hierdie onsekerheid, maar net soos Afrikaners het elke tipe "voël" tog sy bestaansreg. Eerstens is dit die swaeltjies wat 'n reisende voël is en met gemak groot afstande kan aflê, so ook is daar van ons mense wat die groot reis al aangepak het of besig is met die beplanning daarvoor. Daar is reeds reuse hoeveelhede Afrikaners wat weer eens getrek het na ander lande, die redes hiervoor is uiteenlopend, maar ek fokus graag op diegene wat emigreer a.g.v. die omstandighede in Suid-Afrika. Hierdie mense sien hulself as die moderne "Trekke" wat, soos die Voortrekkers, hul mense wil neem na groener weivelde, na lande wat moontlik meer kan bied vir Afrikaners as ons eie land. Ons moet versigtig wees om hierdie mense te kritiseer oor hul besluit om te trek, want wat anders doen hulle dan as ons voorouers? Ek ken verskeie van hierdie "swaeltjies" persoonlik en het opnuut besef hoe moeilik so 'n besluit gemaak word. Dit is 'n totale losmaak en ontwortel proses. Hulle sê vaarwel vir hul leefwyse, soms ook 'n sekere vlak van lewenskwaliteit om 'n veiliger toekoms vir hul gesinne en families te verseker in lande soos Australië, Engeland, Kanada, die VSA om net 'n paar te noem.

Die swaeltjies se trekkegees lei hulle om deur hierdie moeilike proses te gaan om hulself te hervestig. Hierdie besluite word meestal makliker gemaak deur buitelandse maatskappye wat ons mense werf, wetende dat dit mense is met integriteit, hardwerkende eerlik en opgevoed. As ek 'n besigheid in die buiteland gehad het, het ek waarskynlik ook gevry na Afrikaners wat wêreldwyd op hoë vlakke hul stempel afdruk en goeie werk doen. Ek glo ook dat ons, wat agterbly, nie hierdie mense moet uitkryt as ons eie wat vlug en die res van ons

(Vervolg op p12)

Om op eiers te loop (verv)

sodoende verraai nie. Dit moet 'n ongelooflike moeilike besluit wees om te trek, om jou land te groet, om familie en vriende agter te laat en as 'n vreemdeling te gaan woon in 'n vreemde land. Ek haal my hoed af vir hierdie "swaeltjies" en ek is hartseer dat die omstandighede in SA ons mense onveilig en onwelkom laat voel. Te gereeld praat die ANC regering, EFF, BLF en ander organisasies en individue oor die "ons" en "hulle". Die Afrikaner is steeds die muishond, die kolonialis, die vreemdeling, die buitestaander, die dief, die "hulle". Afrikaners voel nie deel van die nuwe Suid-Afrika nie, leuens word wyd versprei oor grondbesit, eiendomsreg en bestaansreg en dit skep 'n persepsie by miljoene oningeligte mense wat hierdie persepsie as waarheid aanvaar. Dit breek 'n mens se hart om te sien hoe die swaeltjies hul vlerke spreid en vêr wegvlieg, vermoënde

Die Afrikaner is steeds die muishond, die kolonialis, die vreemdeling, die buitestaander, die dief, die "hulle".

mense wat Suid-Afrika 'n beter land gemaak het wat 'n enorme bydrae in Suid-Afrika kon gelewer het.

Die tweede tipe "voël" is die volstruis. My vergelyking van 'n groep mense met die volstruis het natuurlik te make met die 'kop in die sand' taktiek. Die gesegde om jou kop in die sand te steek het te make met 'n totale apatie en verwydering van die realiteit in ons land. Daar het 'n migrasie na binne plaasgevind en ons mense, alhoewel hul steeds hier bly,

het onttrek uit die samelewing, onttrek uit rade en komitees en organisasies. Hoe hoër die heining om hul huise, hoe beter. As die yskaste vol kos is, tuin mooi groen is en die twee motors staan in die motorhuis is dit genoeg. Kinders is in goeie skole en die huis is veilig. Dit verander dan in 'n tipe kokon waarin ons mense leef, selfverryking is die hoofdoel, die volgende verbetering aan die huis of die volgende vakansie is die belangrike sake van die dag. Ons móét ook die "volstruis" verstaan en die rede vir die kop in die sand taktiek. Weer eens voel die Afrikaner gemarginaliseerd en word uitgejou as rassiste, en vreemdelinge. Swart ekonomiese bemagtiging, regstellende aksie en hoë belasting maak dit met tye ondraaglik hier in Suid-Afrika. Werkloosheid onder Afrikaners styg ook drasties a.g.v. hierdie onregverdigte en, volgens my, onwettige prosesse. Hoe lank gaan daar nog gekyk word na die kleur van jou vel? Dit is mos nou ooglopende, omgekeerde rassisme. Die ekstra geldjies in die bank of die volgende lening moet aangewend word op beveiliging van ons huise, want dit is nie veilig in Suid-Afrika nie. Ons betaal belasting, maar kan nie op die polisiediens staatmaak nie, private veiligheidsmaatskappye is nodig om ons huise te beskerm, ons staatshospitale en klinieke is haaglik en gevaarlik, so mediese fondse is nodig vir ons gesondheid. Die aanwending van ons belastinggeld is 'n onderwerp waaroor ons heeldag kan gesels. As die "volstruis" dan hul koppe in die sand steek, neem ons hulle kwalik? My pa het vertel dat daar 'n gesegde was in die weermag: 'Kyk voor jou, die army kyk agter jou...', nou wie kyk deesdae agter ons? Dit is om hierdie rede dat hierdie inwaartse immigrasie plaasvind.

Weer eens breek my hart as ek hierdie "volstruis" sien, want hulle word dringend benodig op kerkrade, skole se beheerliggame, buurtwagte, burgerlike organisasies en algemene deelname aan die samelewing. Die Afrikaner is armer sonder die "volstruis", ons het hulle broodnodig. Daar is beslis 'n groot groep Afrikaners wat 'n verskil kan maak op alle vlakke van die samelewing as hulle hulself diensbaar sal stel vir die vind van oplossings van ons vele uitdagings hier in Suid-Afrika. Die hopeloosheid onder ons mense is 'n groot oorsaak van burgerlike verlamming wat die deur ooplaat vir ongewenste elemente wat ons manier van leef wil vernietig.

Dit bring my by die derde en laaste groep, die kiewiete. Daar is twee elemente van die kiewiet wat vir my uitstaan. Ons almal weet van die vreeslose beskerming van 'n nabygeleë nes wanneer mens deur 'n veldjie stap. Die kiewiet beskerm sy/haar nes met eiertjies ten alle koste en sal, sonder ophou of vrees, aanval, neerduik op 'n bedreiging en 'n reuse bohaai opskop. Die tweede belangrike feit is dat die kiewiete nie hul nes maak in hoë bome of op kranse nie, dit is op die grond en nie afgesonder op verafgeleë plekke nie. Die mense wat ek as "kiewiete" sien is nie blind vir die gevare en uitdagings in Suid-Afrika nie, maar hulle stel hulself bloot aan die samelewing en is deel van die omgewing. Natuurlik is dit nie so veilig soos om jou nes hoog in 'n boom te maak nie, maar dit is die kiewiet se manier. Volgens my benodig ons meer van hierdie tipe "voëls" in hierdie tydgleuf waarin ons onself bevind. Die "kiewiete" neem deel aan sake van die dag, hulle lees gereeld koerant en is betrokke, gewoonlik is dit ook dieselfde "kiewiete" wat op die kerkraad dien, oud-skoliere verenigings, buurtwagte, fondsinsamelings ens. 'n Mens slaan mos die donkie wat die hardste werk ook die hardste... Die "kiewiete" raak ook dan soms in die proses moeg en moedeloos oor die ander "voëls" se apatie en

Daar is beslis 'n groot groep Afrikaners wat 'n verskil kan maak op alle vlakke van die samelewing as hulle hulself diensbaar sal stel vir die vind van oplossings van ons vele uitdagings hier in Suid-Afrika.

(Vervolg op p13)

Om op eiers te loop (verv)

ontrekking. Dit is die "kiewiete" wat ook alarm maak as die "nes" of die omgewing bedreig word.

Of jy nou 'n swaeltjie of volstruis of kiewiet is, êrens moet daar mos gemene belange wees? Die tye waarin ons nou leef is gevaarlik, verlamrend en dit skep groot kommer oor die toekoms. Hoe nou gemaak? Ons almal kan mos nie "swaeltjies" wees nie? Dis onmoontlik. Die "volstruise" moet 'n hand uitsteek na die "kiewiete" en help waar nodig. Selfs die "swaeltjies" het 'n groot rol om te speel, want daar is altyd een voet in Afrika, familie wat agterbly, vriende en selfs beleggings en dan natuurlik ons voorvaders se bloed wat oor die grond gegiet is om vir ons 'n toekoms te bied. Ons moet ons oë oopmaak vir die behoeftes en geleenthede om 'n verskil te maak oral rondom ons. Daar is 'n reuse verantwoordelikheid op elke lieue Afrikaner om deel te raak van die oplossings vir ons vele uitdagings hier aan die suidpunt van Afrika. Ons moet versigtig wees om as een tipe "voël" die ander te kritiseer en te oordeel, want ons het

Laat ons ook ophou om op eiers te loop wanneer daar gepraat word oor ons geloof, taal, kultuur en ons plekkie in die son.

almal nodig om te oorleef as 'n nasie en kultuur! Die skep van hoop is noodsaaklik en met klein oorwinnings sal ons groot stappe neem na 'n beter bestaan in Suid-Afrika. Ons moet vrees verdryf en vashou aan die Liefde van ons Here, want soos in 1 Joh 4:18 staan, verdryf ware liefde enige vrees. Ons moet vashou aan die Liefde wat ons sal beskerm en lei met die nodige wysheid om ons groot taak aan te pak.

Ek haal my hoed af vir die "swaeltjies" se trekgees, pionierskap en moed om te vlieg, maar ek vra hulle om nie van ons te vergeet nie. Ek verstaan hoekom die "volstruise" soms hul kop in die sand bêre, maar ek smee hulle om hulle koppe uit die sand te verwyder en, al is dit op 'n klein skaal, betrokke te raak! Ek het diepe waardering vir die "kiewiete" wat hul nes op die grond in die oopte maak, maar wat dit met die hart van 'n leeu beskerm.

Laat ons ook ophou om op eiers te loop wanneer daar gepraat word oor ons geloof, taal, kultuur en ons plekkie in die son. As dit nie die Here se wil was nie, sou ons nooit in Afrika beland het nie. Tye is moeilik en uitdagend, maar die Afrikanerbloed wat deur ons are druis is die staal wat nodig is om sterk te staan en trots te wees. Kom ons hou vas aan Matt. 6:26 wat sê... "Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle Hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?" Iemand het ook eenkeer gesê dat die Here die voëls voer, maar Hy gooi nie die kos in hul neste nie! Kom ons rol ons moue op en spring aan die werk. Staan sterk en wees trots om 'n Afrikaner te wees met 'n toekoms in dié land.

(Gavin Ludick is gekoöpteer tot die Nasionale Raad en is verantwoordelik vir die jeuginisiatief van die Afrikanerbond) ❖

Die Feeste van die Broeders

Die onderstaande artikel is aan ons gestuur as deel van die herinneringe oor die Afrikaner Broederbond in die 100-jarige eeufees. Dit vertel die verhaal van soveel vergaderings in die laaste dekades. Dit is 'n penskets wat geneem is uit die boek *Sonskynkafee, 'n Besoekersboek met kos en stories deur Mariëtte Crafford, Human & Rousseau, 2007*

Toe die Broeders nog manne en voormanne en staatsmanne was, toe hul geloofsbriewe nog nie ter almal se insae op die wêreldwye netwerk was nie, toe het hulle saggies op hul geheime vergaderings my ma se hoenderpastei en boud geëet, met doekpoeding en bewende wit *blanc-mange* agterna.

"Ma, die manne wil net dankie sê," het my pa hul eenparige versugting kom oordra in die toegewasemde kombuis. Hy het die toe eetkamerdeur effens oopgestoot en die dankbaarheid is gesigloos agter die deur be-tuig. "Dankie, Mevrou."

"Mevrou" op ons dorpie waar almal haar Hanna of Hansie of Johanna of Ou Liefie genoem het. Dit kon ongelukkig nie anders nie, want dan sou sy dalk die aanspreekvorm by die stem kon pas en dan sou sy weet wie met haar gepraat het. Sy sou 'n Broeder kon eien.

Dan het my pa die vuil borde self uit die eetkamer kombuis toe gebring en die kosskottels (die pasteibak was altyd boomskraap) op die kombuistafel kom neersit. Sy afdekkery was vir ons 'n vermaaklike aardigheid, want

(Vervolg op p14)

Die Feeste van die Broeders (verv)

dit was ons vier meisiekinders se werk Maar op "mans-vergaderingaande" het ons nie bestaan nie. Ons moes stil wees, niemand moes ons sien en ons mag niemand gesien het nie - net soos met die basilisk

Soos muise het ons suutjies toegesak op die oorskiet, want die oordaad en die verskeidenheid van aartappelslaai, wortelslaai met stukkies pynappel, geelrys met rosyntjies, mieliekoekies en hoenderpastei op 'n weekaand was nes ontydige Krismis of Nuwejaar. Ma het later in 'n pyrexibakkie 'n klein hoenderpasteitjie eenkant vir ons in die lou-oond gehou, want daarvan het nooit 'n stukkie terugekom kombuis toe nie.

Ons werf was 'n uitgeknipte vergaderplek omdat ons buite die dorp gewoon het en ons huis deur wingerdlande omring was.

Dis hoe ek die Broederbond leer ken het. 'n Geheimsinnige fees. Ons werf was 'n uitgeknipte vergaderplek omdat ons buite die dorp gewoon het en ons huis deur wingerdlande omring was. Met die motors agter die huis en op die rosyntjiebaan getrek, kon niemand van die grootpad af sien dat daar iets by ons aan die gang was nie.

Twee dae voor die tyd het my ma brandbors begin regmaak, want my pa het lankal vir haar gesê die manne sê hulle eet nêrens so lekker soos by ons nie. En dan het hy sommer weer gekla oor die ou-ooi se taai vleis wat hulle die keer op die plaas naby Kenhardt gekry het, en die afskeep-souttert wat die vrou by Kanoneiland ingestuur het met net 'n stukkie Weense worsie hier en daar.

Omdat my ma-bulle gesteld was op die kos wat hulle voorgesit het, moes ons bekwaamste werfhoenders met hul lewe vir ons eer betaal. Die Jewel is met kameeldoring-stompies gestook. Groenboontjies hark, wortels skraap, sousboontjies week.

Tussendeur is ons groot, koel sitkamer met die eettafel daarin, se Chesterfieldstel blink opgevryf, Ouma Beelja se gehekelde tafeldoek is gestyf en soos 'n reusespinnerak oor die bal-en-klou-tafel gegooi. Op die tafel se hoek waar 'n glas water lankal omgeslaan het en 'n wit kol op die blink vernis was, het my pa die Bybel neergesit en 'n skinkbord met 'n waterbeker en 'n glas. En heelyd het ons kinders die geskarrel dopgehou, want alles was vir ons verborge raaisels.

"Waaroor praat hulle?" wou ons by ons ma weet. "Sommer mansgoed." Hoenderpastei in die oond, soetpats aan't stowe, aartappelskille aftrek vir die slaai .. "En moet tog nie uitpraat hieroor by die skool nie." Mansgoed... Nie oor wingerdstokke en weireg nie, want dit was openlike lekker mansgesels op die koöperasie se stoep.

Nee, vir ons was die Broederbond 'n bende. Nou nie "bende" soos in skrikbewind en kettingslaners nie. Ons het sulke goed nie geken nie. 'n Bende soos die Jongspan se Rooihuide. Kentekens. Geheime groet. Erekode. Geheime boodskappe in melk met 'n breipen se punt geskryf en net leesbaar teen 'n kers se vlam.

Ons nuuskierigheid het soos ons grootgeword het (en die hoenderpastei nie meer vir ons die belangrikste deel van die gebeurtenis was nie) ons soms tot raserny en raaskry gedryf. Tot pogings tot meeluistering, spioenarie en uiteindelijke soete identifikasie.

Ek - en my susters voor en na my - het voor die vergadering agter die groot sitkamerstoele weggekruip en skaars asemgehaal, maar met die neersitslag van die Bybel en die water het my pa heel terloops die een wat daardie keer grootoog agter die stoel gesit het, uitgesleep. "Gaan speel, wat. Dis grootmensgoed."

Ons het een troefkaart oorgehad. Dieselfde as 'n Sondagkoerant se foto-graaf uit 'n helikopter baie jare later by 'n geheime Broederbyeenkoms. Motorregistrasienommers.

Daarvandaan is ons buitentoe. Gehurk onder die venster. Maar asof hy deur die muur kon sien, het Pa klokslag daardie venster toegemaak. En boonop met die gedempte stemme, moes ons afluister opgee.

Ons het een troefkaart oorgehad. Dieselfde as 'n Sondagkoerant se foto-graaf uit 'n helikopter baie jare later by 'n geheime Broederbyeenkoms. Motorregistrasienommers.

Op 'n klem dorpie ken almal mekaar se lui op die partylyn en mekaar se motors se nommerplate. Terwyl die manne aan die praat en my ma aan die kosmaak was, het ons nommerplate uitgeken.

(Vervolg op p15)

Die Feeste van die Broeders (verv)

CFH 6 - die burgemeester. CFH 1312 - die skeinat-meneer, Oom Gert se groen Dodge met die skaapwagter se 44-gelling waterdrom agterop. CFH 1919 - die skoolhoof, en die landdros se swart Mercedes. Ons het geweet.

Soos die jare en die vergaderings verbygegaan het, het ons pa en ma gesien dat ons nie die "Broederbende" se geheim verklap nie - ons was op stuk van sake saam met hulle deel van die tussen-wingerdse bedrywighede. Ons het intussen grootgeword, hier en daar iets oor die uitsluitende Afrikaner-belangegroep gelees en nog altyd met die Jongspan se Rooihuide as enigste verwysing antwoorde begin loswoel.

Daar bestaan nie by ons sulke goed nie." het ons pa ons olyfboompies wat besig was om kameeldoringbome te word, se vrae een aand aan etenstafel afgeweer. "Waarom dink julle lê daar altyd 'n Bybel op die tafel wanneer ons vergadering hou?"

Toelatingsvereistes. "Dis net vir Afrikaanssprekendes."

Later praat ons pa van 'n lys met voorgestelde lede se name wat deur Suid-Afrika en Rhodesië (daardie tyd) rondgestuur word. As iemand, enigiemand, 'n beletsel teen 'n voorgestelde lid inbring, kan hy vergeet van Broederskap. En, tragies, het 'n hele paar manne se vroue hulle uit die gesogte groep gehou. Ons dorp se voorste organiseerder se uitgesproke vrou was 'n voorbeeld van 'n man wie se aansien en opgang wreed gekelder is deur 'n oomblik van swakheid toe hy met haar getrou het. Maar maak 'n man dit en wys hy in die gemeenskap sy staal, het ons baiekeer gehoor hoe Pa trots se: "Hy's een van ons manne."

En doelstellings? "Ons sien om na die belange van die Afrikaner." O, ja - die burgemeester, die skoolhoof, die landdros.

Kentekens, wou ons weet. "Nee wat, ons steur ons nie aan sulke goed nie." Het hulle nie 'n spesiale groet nie? "Ag, somer net 'n lekker Boeregroet."

Soos ons met die jare se uitvraery dapperder geword het, en intussen van die Vrymesselaars se voorskote en die verwante gru-gerugte gelees het, het ons uiteindelik die moed iewers vandaan gehaal om oor rituele uit te vra. En daarmee het ons nie melkletters teen 'n kersvlam bedoel nie.

"Daar bestaan nie by ons sulke goed nie." het ons pa ons olyfboompies wat besig was om kameeldoringbome te word, se vrae een aand aan etenstafel afgeweer. "Waarom dink julle lê daar altyd 'n Bybel op die tafel wanneer ons vergadering hou?" Ja, ons kon immers daarvan getuig.

Mettertyd het die raaiselagtige beeld voor ons heldersiene oë opgeklaar. Ons oorlede pa het 'n oudgediende geword en die organisasie 'n uitgediende.

En toe lui my telefoon nou die dag. 'n Man wat ek terloops ken, nooi my om die volgende vergadering van die nuwe Afrikanerbond by te woon. "Dis nou oop vir vroue en anderkleuriges," verduidelik hy. Praat van om-draai in die graf. dink ek. En hy praat van nuwe bande wat die nuwe bond wil smee en die nuwe deursigtigheid. "Tot 'n tuisblad op die Internet."

En ek dink aan die betowering van kleintyd wat hoeka verby is. en aan "Afrikaner" wat deesdae 'n beesras of 'n "bold statement" is, die geheimsinnigheid wat in elk geval 'n ander soort deursigtigheid is, en aan "stil, broers, daar gaan 'n man verby". En ek wonder wie nou die hoenderpasteie maak. ❖

Kom vier ons eeufeesjaar - AB Boek en Bondsraad

Saam met die Nuusbrief het lede ook bestelvorms vir die AB Boek (Broederskap) ontvang. Die boek word in Junie 2018 saam met ons 100-jarige verjaarsdag bekendgestel. Die bestelvorm kan nou reeds teruggestuur word omdat ons 'n aanduiding moet kry van die oplaag boeke wat ons moet laat druk. Lede het ook reeds 'n kennisgewing ontvang met meer inligting oor die Bondsraad wat 7 en 8 Junie 2018 in die Paarl gehou word. Kontak ons gerus indien u meer inligting verlang. Die volledige program volg eersdaags. ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190